Veiligheidswenke:

1. **Skool en algemeen:**
    a. Wees, meer as ooit, bedag op vreemdelinge wat "hulp" vra, bv kastig oor die sokker, maar dit as 'n rookskerm te gebruik om jou aandag af te trek, terwyl skelms jou besteel – bv in winkelsentrums.
    b. Gee aan jou kinders 'n plan A + B van wat om te doen in geval van nood.
    c. Bly weg van heinings af, by die skool of by die huis, en moenie met vreemdelinge praat nie – hardloop liewers weg.
    d. Moenie enige iets vat by vreemdelinge soos lekkers, roomys, geld, speelgoed, of geskenke nie – nie eers brosjures nie.
    e. Moenie by vreemdelinge in die kar klim nie.
    f. Ken jou kind se roetines, bv watter buitemuurse aktiwiteite hulle betrokke is en wanneer.
    g. Kinders se ouers moet altyd weet waar hulle is.
    h. Ouers moet met mekaar kommunikeer ivm bv reisreëlings (veral by geskeide gesinne) en sê duidelik vir die kind wie hom/haar gaan kom oplaai.
    i. Maak seker jou kind ken die nodige selfoonnommers van wie gekontak moet word in 'n noodgeval. (Skryf bv die nommers in die skooltas se klap.)
    j. Kinders moet ook hulle adres ken.
    k. Kry 'n "veiligheidswoordjie" wat ouer en kind ken en wat gebruik kan word as die kind in gevaar is, (bv "Hoe gaan dit met brakkie?" – beteken : ek is in gevaar!)
    l. Maak seker jou kind is altyd onder toesig – ook gedurende die vakansies.
    m. Laat weet jou kind as jy laat gaan wees. (As jy nie met die kind self kan kontak maak nie – skakel die skool of die naskoolsentrum.) Dis veral die jonger leerlinge wat paniekerig raak as 'n ouer laat is en hulle weet nie wat aangaan nie.
    n. Leerlinge wat 'n vervoerprobleem het, moet by die kantoor gaan aanmeld of by tannie Lelani by die naskoolsentrum.
    o. Geen kind mag buite die skoolterrein vir hul ouers wag nie. Leerlinge wat nie in die naskoolsentrum is nie, moet onder die afdak by die Langenhoven-ingang wag. Bly altyd binne die skoolterrein.
    p. Die skoolhekke sluit om 08:45 soggens en sal slegs van 13:00 – 13:45 oop wees. In die middag moet alle leerlinge by die Langenhoven-hek afgehaal word. Na 13:45 moet alle ouers inteken by die Langenhoven-hek. Die wag het opdrag om niemand toe te laat wat nie ingeteken het nie!
    q. Op Woensdae en Vrydae (vir die Ballet en Judo) sal die wag die hek in Watermeyerstraat beheer.
    r. Ouers wat leerlinge deur die loop van die oggend kom afhaal, moet by die kantoor aanmeld en leerlinge uitteken. Sover moontlik moet vooraf skriftelik reëlings met die skool getref word oor wie die kind sal kom afhaal.

2. **By die huis:**

a. **Voordeure word onder geen omstandighede oopgemaak vir vreemdelinge nie.**
   - praat deur die deur en stel eers vas of jy besigheid het met die vreemdeling
     bv n posman wat n posstuk aflewer
   - iemand wat vir kos of geld of werk vra - maak jy nie die deur voor oop nie
b. **Voordeure word nie deur kleiner kinders oopgemaak nie**, misdadigers kan jong kinders maklik mislei of inligting by hulle bekom.
c. **Sleutels word nooit in deure gelos nie**, hang die sleutels buite bereik van deure en vensters. Kry hoë kwaliteit slotte. Verander slotte as sleutels verlore raak of as jy in ‘n nuwe plek intrek.
d. **Jong kinders moet nie die telefoon antwoord nie,** want hulle is te jonk en kan mislei word om inligting uit te gee.
e. **Tieners wat smiddae alleen na skool by die huis is** , moet in die gewoonte kom om deure toe te hou, veral as daar gefliek word of harde musiek gespeel word, want die kind sal nie eens bewus wees daarvan as misdadigers ingekom het nie.
f. **Maak seker die omgewing is goed belig.**
g. **Sluit aan by die buurtwag.**
h. **Tieners wat in die publiek moet rondbeweeg of stap moet altyd paraat wees.**

3. **In die dorp:**
   a. Weet waarheen jy oppad is en stap doelgerig.
   b. Bly in goed beligte omgewings.
   c. Luister na jou instink as jy ongemaklik voel.
   d. Wees versigtig as jy geld trek – maak seker die omgewing is veilig.
   e. Sluit motordeure as jy ry.
   f. Wees oplettend na jou omgewing.
   g. Moenie naby aan die motor voor jou stop nie, sodat jy nog kan uitdraai.
   h. Moenie rylopers oplaai nie.
   i. Moenie waardevolle items oop-en-bloot laat lê nie.
   j. Plaas jou handsak buite sig; bv by jou voete.
   k. Hou jou sleutels gereed as jy nog oppad is na die kar toe.
   l. Wees versigtig vir ligte stampies van agter. Neem die registrasienommer en rapporteer dit by die polisie – dis baie keer ‘n set om jou te laat uitklim.
   m. Bespied eers die omgewing voor jy by die huis stop.
   n. Wees versigtig as jy uitklim om die hek oop te maak.

Hier volg ‘n paar reëls en vrae wat kinders as standaard moet toepas:

o. - wie loop agter my?
   - daar kom n groep mans wat my ongemaklik laat voel – beweeg vinnig weg.
   - daardie persoon lyk verdag.
   - dis te donker om nou na my vriend toe te stap.
   - het my selfoon krag en lugtyd om huistoe te bel ingeval van nood.
   - moenie my ipod/mp3/selfoon/geld in die publiek wys nie.
   - gebruik selfoon op veilige plekke.
   - moenie my ipod/mp3 speler so hard speel dat ek niks kan hoor nie.
   - hoekom kyk daai ouens my uit?
   - ek moet liewer aan die anderkant van die pad stap.

- die straat lyk te donker.
- wie's daai vreemdeling in ons straat?

p. **Dogters, moet veral paraat wees en bewus gemaak word daarvan dat misdadigers veral vrouens as sagte teikens sien.**

- dogters moet veral paraat wees soos hierbo in punt hierbo beskryf.
- jonger dogters word nie deur ooms, oupa's of mansvriende *gebabysit nie.*
- dogters is teikens veral vir seks misdadigers.
- dogters stap nooit na donker iewers heen nie.

q. - dogters moet bewus wees daarvan dat hoë hakke en/of kort rompe of kort toppies en baie lae broeke uitloklik kan wees vir seks misdadigers en dronk mans.

r. - dogters dra nie hoë hakke as hulle ver moet stap nie, dan het hulle geen kans om weg te hardloop in n nood situasie.

s. - dogters/alle tieners moet verkieslik per motor deur ouers afgelaai en gaan haal word, moenie te lui wees om jou tieners te vervoer vir sosiale geleenthede nie, hulle het die reg om sosiaal te verkeer.

t. - ouer tiener dogters moet peper sproei in hulle handsakkies dra of verkieslik in hulle hand vashou as hulle alleen iewers moet stap.

4. **Die husivrou wat bedags alleen is terwyl kinders skool toe is:**

a. - hou deure, patiodeure, skuifdeure toe, terwyl jy huiswerk doen.
b. - as jy in die voorste deel van jou huis werk, maak seker die agterste of kant deure is toe gesluit.
c. - as jy op die stoep of in die tuin sit of werk, maak seker die res van die huis se deure en venster is toe.
d. - as jy in die area by jou agterdeur werk of ontspan, maak seker die voordeur en/of kantdeure is gesluit.
e. - moenie die voordeur oopmaak vir vreemdeling nie, praat deur die deur
f. - as jy ontspan voor die tv, sluit eers die hele huis.
g. - moenie al die vensters en patiodeure oopmaak en dan ontspan nie, maak net oop in die vertrek waar jy is indien nodig.
h. - moenie op warm somersdae jou hele huis oopmaak en langs die swembad area gaan ontspan nie, hou eerder die dele van die huis waar jy nie gaan ontspan nie se vensters/deure toe, en maak net die deure en vensters by die swembad area oop.
i. - wees paraat wanneer jy in-en-uit jou motor klim voor of na inkopies
j. - wees oor die algemeen paraat en ken die klanke van die buurt en jou huis
k. - hou peper sproei in jou kombuis of slaapkamer of by jou in die area waar jy werk of ontspan
l. - as jy na donker moet ry, hou die peper sproei binne bereik langs jou in die motor
m. - maak blindings en gordyne na donker toe sodat misdadigers nie in die huis kan sien nie
n. - as jy die huis moet verlaat bedags, hou n radio of tv se klank aan
o. - as jy saans weg is van die huis af, skakel buite ligte aan en een of twee ligte in die huis en hou jou tv ook aan.

5. **<u>Ekstra veiligheid</u>**

a. - alarm stelsel
b. - veiligheids tralies

c. - veiligheids hekke
d. - honde slaap in die huis saans
e. - buite ligte saans aan
f. - een of twee ligte aan in die huis terwyl jy slaap
g. - peper sproei langs bed saans
h. - selfoon langs bed saans
i. - paniek knoppie
j. - buurtwag
k. - noodnommers opgeplak
l. - veiligheidskamera
m. - loergaaitjie in deur

6. **Nog Top Wenke**
   a. Stap om jou huis en kyk waar kan n dief inkom
   b. Onthou diewe gebruik soms klein maer kinders om in te kom, so selfs klein vensters is nie veilig nie
   c. Stap in die donkerte om jou huis en kyk waar kan mense insien
   d. Moenie gereedskap of n leer buite los nie, pak dit weg, want diewe kan dit gebruik om mee in te breek
   e. Moenie kameras, selfone, handsakke en laptops voor oop vensters sit nie, al is daar tralies
   f. Moenie saans vensters ooplos nie, al is daar tralies, diewe kan tralies saag of breek, maar glas wat breek maak n groot geraas
   g. Sommige skuifdeure kan maklik van spore af gelig word, slaan n spyker in die regte plek sodat diewe dit nie kan lig nie
   h. Plant doringplante by vensters of mure
   i. Verwyder bosse by vensters en jou inrit wat as wegkruip plekke deur kriminele gebruik kan word
   j. Moenie wasgoed oornag op die draad los nie, dit daag diewe uit
   k. Wees bewus wanneer werkers, bouers en tuiniers in die area werk
   l. Hou tuinhekke toe. Sluit kelder en dakdeure.
   m. Moenie kleingeld, beursies, klere, ipods of enige iets in jou motor los nie
   n. Hou jou posbus leeg.

7. **Besoek die lys van webwerwe om meer inligting oor sekuriteit en veiligheid te lees**
   a. Citizens Against Crime
   b. SA Polisie Tips
   c. ADT burglaries tips
   d. Maxidor crime hints
   e. No nonsense home security
   f. Protect your home from burglars